# Delta Primêre Skool

# Afrikaans EAT

# Werkboek: 4

# Graad 4

Leerder: ________________

Begripsleer: Lees die onderstaande sorgvuldig deur.

Provinsie: Die land is in streke( gebiede) verdeel. Suid–Africa het 9 provinsies.

## 49 Ons gaan see toe

Pumla se ouma bly by die see. Kyk na die kaart hieronder om te sien hoe 'n mens daar kom. Gesels oor die provinsies waardeur 'n mens moet reis en die dorpe waarby 'n mens verbyry.


Ons praat




Ons lees

Dit is die laaste dag van die skool. Môre gaan ons na Ouma toe vir die vakansie. Sy bly in 'n klein dorpie met die naam Strandfontein in Kaapstad saam met my oupa en 'n Labrador genaamd Luke. Ek, my ma en Aldo reis per trein soontoe. Dit neem 'n lang tyd om van Thohoyandou Kaapstad toe te reis. Ons moet eers per taxi Johannesburg toe reis. Daarna neem ons die trein. Die reis duur 'n hele dag en nag. Dit is baie opwindend! Ons het 'n kompartement vir ons drie bespreek en Ma het vir ons heerlike kos ingepak. Ons het elkeen ons eie tas. Ek het gelukkig my swembroek, 'n hoed, sonbrandroom en my gunstelingboek oor haaie onthou.

Antwoord die vrae wat betrekking het op die storie.



**Ons skryf**


**NUWE WOORDE**

Lees die storie en skryf die antwoord neer.

Wat is die naam van die jong meisie wat vir die vakansie by haar ouma gaan kuier?

| Sy reis Strandfontein toe per: | |
|---|---|
| A | trein |
| B | bus |
| C | motor |
| D | taxi |


| Omkring die letter langs die korrekte antwoord. | |
|---|---|
| a | Dit is die eerste dag van die vakansie. |
| b | Dit is die laaste skooldag. |
| c | Sy woon in Mpumalanga. |
| d | Sy woon in Limpopo. |



| Strandfontein is in die | |
|---|---|
| A | Wes-Kaap |
| B | Oos-Kaap |
| C | Noord-Kaap |
| D | KwaZulu-Natal |



Wat het haar ma haar geleer om te doen as 'n mens buite in die son is? Skryf jou antwoord neer.



**Ons skryf**

Kies die woorde regs wat by die woorde links pas.

| | |
|---|---|
| reis | opwindend |
| kompartement | heerlik |
| spannend | kajuit |
| geurig | uitstappie |





Taal:

Gebruik enige 5 van die onderstaande woorde in die tabel, om 5 sterk sinne(met byvoeglike naamwoorde- beskrywings woorde) te skryf.

## 50 Ons maak reg om by ons ouma te gaan kuier



### Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan 5 van hierdie woorde om jou eie sinne in jou oefeningboek te skryf.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| gelag | gereis | ingepak | gehardloop | geswem |
| gery | gewaai | gehelp | gewoon | gebly |



### Ons skryf

Vul die korrekte woorde in die spasies in.

vinnig    stadig    binnekort    netjies    helder

Ma roep ons om vir skool gereed te maak, want ons gaan ______ ry.

Dit het gevoel of die dag baie ______ verbygaan, omdat ons so opgewonde was.

Ons het ons klere ______ in ons tasse gepak.

Die son het ______ in die blou lug geskyn toe ons met vakansie vertrek.

Ek en Pumla het ______ van die skool af huis toe gehardloop.



### Ons skryf

Skryf teenoorgesteldes vir elk van die rooi woorde in die sinne.

Dit was 'n warm dag en die helder son het in die lug geskyn.

______________________________

My klein boetie was bly omdat ons met vakansie gaan.

______________________________

My tas was lig, maar my broer s'n was swaar.

______________________________

Die stadige taxi het 'n lang tyd geneem om Johannesburg toe te ry.

______________________________

Voltooi die volgende sinne.

# 2 Op pad Kaapstad toe



Ons skryf

Gebruik (moet) of (kan) om die sinne hieronder te voltooi.



Dit is baie laat. Jy ______ nou gaan slaap.

Die trein ______ in Worcester stop sodat passasiers kan afklim.

Die trein is tien minute laat. Dit ______ 'n probleem veroorsaak.

______ ons per trein Kaapstad toe reis? Dit klink baie opwindend.

Jy ______ vroeg opstaan sodat ons betyds by die stasie sal wees.



Ons skryf

Jy het 'n maat beloof dat jy vir haar 'n SMS sal stuur wanneer julle uit Johannesburg vertrek. Vertel vir haar in jou SMS hoe laat julle in Johannesburg aangekom het, hoe jy voel en hoe jou kompartement lyk. Sê ook wanneer jy weer sal skryf.





10

Lettergrepe: 'n Woord word opgebreek sodat dit beter uitgespreek of gespel kan word.

**NUWE WOORDE**

**Ons skryf**

Breek die volgende woorde in lettergrepe op.

| | | | |
|---|---|---|---|
| blikkie | blik-kie | Vrydag | |
| wonder | | skooldag | |
| treinrit | | arriveer | |
| skatkis | | veroorsaak | |

**Vir die pret**

Kyk na die tydrooster van Johannesburg na Kaapstad en beantwoord die vrae.

| Reisdae | Woensdag / Vrydag / Sondag | |
|---|---|---|
| Stasie | Aankoms | Vertrek |
| **Johannesburg** | | 12:30 dag 1 |
| Krugersdorp | 13:09 dag 1 | 13:14 dag 1 |
| Potchefstroom | 15:16 dag 1 | 15:29 dag 1 |
| Kimberley | 20:54 dag 1 | 21:10 dag 1 |
| De Aar | 01:18 dag 2 | 01:35 dag 2 |
| Beaufort-Wes | 06:27 dag 2 | 06:47 dag 2 |
| Laingsburg | 09:05 dag 2 | 09:15 dag 2 |
| Matjiesfontein | 09:38 dag 2 | 09:43 dag 2 |
| Worcester | 11:50 dag 2 | 12:05 dag 2 |
| Wellington | 13:50 dag 2 | 13:54 dag 2 |
| **Kaapstad** | 15:30 dag 2 | |

Hoe laat vertrek die trein uit Johannesburg?

______________________

Waarheen gaan die trein?

______________________

Hoe lank neem die reis Kaapstad toe?

______________________

In watter provinsies is die volgende?

Krugersdorp

______________________

Kimberley

______________________

Worcester

______________________

Kan jy 09:43 op 'n ander manier skryf?


______________________




111

Skryf:

Verlede tyd: Dit het al reeds gebeur. Woorde soos “het” en “ge” word gebruik om verlede tyd uit te beeld.



NUWE WOORDE

Ons skryf

Omkring die woorde wat in die verlede tyd geskryf is.

lag
opgestaan
geloop
bestuur
geëet
gaan
geloop
glimlag
speel
geslaap


Vir die pret

Skryf 'n poskaart aan jou ouma. Vertel haar hoe opgewonde jy is om haar, oupa en Luke weer te sien, die dag en tyd waarop jy by haar huis gaan aankom en vir hoe lank jy gaan bly.
Moenie vergeet om haar naam en adres op die poskaart te skryf nie.

Onderwyser:
Teken:
Datum:

107

Nog Begripsleer:



## 51 Die treinreis

Ons praat

Ons lees

Lees die gedeelte hieronder en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Ons het uiteindelik by die Johannesburg-stasie aangekom. Die taxi-rit het baie lank geduur en die taxi was baie vol. Ma het 'n kaartjie op 'n spesiale trein, genaamd die Shosholoza Meyl, bespreek. Ons het toeristeklas gereis, wat beteken dat die kompartemente stapelbeddens en 'n toilet en stort aan die einde van elke treinwa het.

Ons het ons wa gevind. Dit was heel aan die einde van die trein. Vusi en ek wou albei op die boonste bed slaap. Dit was nie 'n probleem nie, omdat daar twee boonste beddens was.

Dit was Sondag en die trein was volgepak. Dit was 12:15 – en die trein het om 12:30 Vertrek. Die reis gaan twee dae lank neem en ons gaan deur Gauteng, die Noord-Kaap en die Wes-Kaap ry.

Wanneer ons Tafelberg sien, sal ons weet ons is in Kaapstad en naby Ouma!

NUWE WOORDE

Ons skryf

Lees die storie en beantwoord dan elke vraag.

Wat was die naam van die trein waarop hulle gereis het?

Waar wou Pumla en Vusi slaap?

Hoe lank moes hulle wag totdat die trein die stasie verlaat het?

Deur watter provinsies het hulle gereis?

Hoe sal hulle weet wanneer hulle in Kaapstad is?

Ons skryf

Kies die betekenisse regs wat by die woorde links pas.

| | |
|---|---|
| bespreek | iemand met vakansie |
| toeris | beddens bo-op mekaar |
| stapelbeddens | baie vol |
| volgepak | van iewers af ry |
| vertrek | 'n kaartjie gekoop |



Ons skryf

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies dan 5 woorde en gebruik dit om sinne in jou oefeningboek te skryf.

gery, gespuit

gelui, gelei

myne, luister

ruite, fluit

Onderwyser:
Teken:
Datum: